# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

April 2021




**_Working Homer_**






For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

## Indeks / Index


| | |
|---|---|
| Editors Page / Redakteur se blad | 2 |
| Redaksioneel / Editorial | 2 |
| Kom ons “brag” bietjie met ons aanteel | 3 |
| Recognizing a sick pigeon - Simon Jordaan | 5 |
| Verdunnings projek by Gros Mondains Dawie van der Heever | 5 |
| SAFPA - DS~PS Feather Love | 8 |
| Egg binding by Carol Heesen submitted by DS~PS Featherlove | 10 |
| Baie mooi interressante geskiedenis oor duiwe en posseëls - Rob Lombaard | 11 |
| Die Botternek storie - my belewenis deur Louis van der Walt | 15 |
| Johan Botha - DS~PS Feather Love | 17 |
| Skoudatums2021 / Showdates 2021 | |
| Scoreboard and Rules | 20 |


## New members

***None***

## Birthdays

| | | |
|---|---|---|
| **B060** | **Dawie de V Snyman** | **01-May** |
| **H027** | **Riaan Strydom** | **02-May** |
| **V013** | **Junior vd Walt** | **02-May** |
| **W057** | **Attie van Aswegen** | **04-May** |
| **V048** | **Jurie van Rensburg** | **05-May** |
| **B017** | **Nico van Rensburg** | **09-May** |
| **D016** | **Marleen Esterhuizen** | **10-May** |
| **B083** | **Hendrik v Rensburg** | **10-May** |
| **H075** | **A Bieske** | **10-May** |
| **D048** | **Pieter Joubert** | **12-May** |
| **D050** | **Danie Groenewald** | **21-May** |
| **B079** | **Sarel van Zyl** | **22-May** |
| **S019** | **Elizabeth Swarts** | **24-May** |
| **K051** | **Gawie Rousseau** | **24-May** |
| **K046** | **Herbie Howe** | **25-May** |
| **H006** | **JAS van Niekerk** | **26-May** |
| **W070** | **Erika Maree** | **26-May** |
| **C013** | **Flip Koekemoer** | **28-May** |
| **W006** | **Gideon Nel** | **30-May** |



***Christo Munnik***
***Agerende Redakteur***

Kyk die moet nou begin end kry dis die derde maand wat ek weer die Nasionale Redakteur was omdat Cora nie tuis is nie, ek en sy is nie net van tafel en bed geskei nie maar sommer van provinsie ook. Sy was darem vir so drie weke by die huis gewees en ek hoop om haar binnekort weer terug te lok huis toe. Nee kyk so kan dit nie aangaan nie.

Ek het nogal die maand baie interressante goed geplaas veral die wat Rob Lombaard ingestuur het dit was nou vir my baie mooi gewees en het ek dit met graagte geplaas. Dankie Rob.

Ek en die Nasionale President, Chris de Bruin het ook besluit om weer die skoudatums vir die jaar 2021 agter in die Sierduif te plaas vir maklike verwysing na die lede toe. Ek het nog nie die SA Kampioenskapskou se informasie geplaas nie want Noord Vrystaat is nog besig om dit uit te klaar maar dit sal in die volgende boekie geplaas word. Hou maar daai spasie dop op bladsy 19.

Sterkte vir die skoue in die verskillende streke wat voorlê en mag daar net goeie duiwe geskou word. Dit is mos lekker om mooi duiwe te sien en om gelukkige vertoners ook te sien.



***CD Cillie***

### *Verskoning / Regstelling*

***Ek wil net hiemee my verskoning aanbied oor die verkeerde naam en foto wat verlede maand geplaas is by die Berig “Carriage in motion” deur Brian Poge wat ingestuur is deur CD Cillie en nie Nico vd Westhuizen nie. Jammer CD.***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

# *Kom ons "Brag bietjie met ons aanteel"*














**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538









***Die beste manier om met ander oor die weg te kom, is om met myself oor die weg te kom.***

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## RECOGNIZING A SICK PIGEON

***Taken from Pigeon Talk***

***Submitted by Simon Jordaan***

A sick pigeon will fluff out it's feathers as if it is cold, but in winter a healthy bird will not allow you close enough to pick it up. Instinctively, the patient hides, perhaps under a park bench or in a doorway, and is seen on the ground at dusk when it's fellows have flown up high to roost. The droppings may appear green and watery, and signs of bullying by other birds may be visible around the head.

Sometimes, when a pigeon is very ill, it has little chance of survival. But you will be doing a kind service to an individual by sparing it a slow and pitiful death, and to the flock by removing a source of infection, if you rescue it. An injured pigeon may be in shock, limping badly, drooping a wing or bleeding.

CATCHING THE PIGEON

Pigeons are easier to catch than most birds because they are semi-tame. The flock to which the patient belongs can be attracted with corn or unsalted peanuts. A soft cloth, coat or towel is often helpful. Throw it over the bird from behind whilst it's attention is distracted. The first attempt is the most important since pigeons (being preyed on in the wild) quickly become wary of notice.

Pigeons very rarely bite. Their beaks cannot cause injury. Line a cardboard box with something soft and make a few air holes in it. Pigeons will not die of fright through such confinement. On the contrary, a warm dark environment is vital to overcome shock. One may be fearful of causing further pain or stress by a clumsy catch, but if you leave the pigeon where it is, a cat with no such qualms will almost certainly find it.



## Verdunnings projek by Gros Mondains.

***Dawie vd Heever***

Om 'n liefde vir duiwe te hê, is een ding. Maar om nog 'n passie te hê vir verskillende kleure, is n ander storie. Ek het 'n hartsbegeerte om Creambar Grosse te broei. Die enigste tammeletjie was dat ek die verdunnings faktor nodig het om by Creambar uit te kom. Opdaardie stadium het net Jan Wiid 1 of 2 self geel Grosse gehad en was dit onmoontlik om die faktor in die hande te kry.



*Blou "split" mannetjie by Jannie Swanepoel se Geel wyfie*

Ek het toe maar die moeilike pad begin stap en 'n Dun Strasser mannetjie by oorlede Jan Kriel in die hande gekry. Ek het hom met my ingevoerde



*Dogter van Geel Check*

Gros wyfie opgepaar. Sy was gedaan en ek het net een bevrugte eier gekry, wat genadiglik 'n mannet-

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

jie was. Hy is weer in 2016 na ‘n besonder goeie dogter van die ander ingevoerde wyfie en het ek ‘n silwer wyfie gekry uit die paring. Gelukkig vroeg in die seisoen.Die vorige klompe wyfie kuikens was nie verdun nie, en die mannetjies het ek nie kans gesien om te toets wie verdunning dra en wie nie. Hierdie Silwer wyfie was natuurlik n regte Silwer. Al die jare het ons Mondain telers Blou duiwe geteel


*Een van die Geel check mannetjies*

wat nie Blou was nie, maar “pale” Blou. Aangesien Mealy duiwe eers regtig saam met Thinus Cocklin se duiwe uit Namibia af ingekom het in 2006. As die “pale” Blou duiwe eerder op Mealy beland het, sou ons eerder gesien het dat dit “pale” was. ‘n “Pale” Mealy het amper ‘n Goue nek met ‘n Koper glans en die balke het ook amper ‘n Goue kleur gehad.

By Modenas kry mens die “pale” kleur by die resessiewe Rooi en staan as Goud bekend.Archangel is ook ‘n bekende ras waar die kleurdikwels voorkom. Die regte Silwer is heelwat ligter op die vlerkskild. As dit begin vere kry in die nes, lyk dit amper wit.

Ek gebruik toe hierdie 2017 Silwerwyfie (sy is in Des 2016 gering met 2017 ring) saam met ‘n Mealy mannetjie. Ek moet mos nou naas Rooi beur, om by Creambar uit te kom. Ek teel toe heelwat Mealy kuikens uit hulle, maar lank in die lyf. In Desember 2017, teel ek toe ‘n Bluebar mannetjie (ring met 2018 ring). Baie mooi tipe.Hy is Blou en dra verdunning. Ek bly egter ongelukkig. Ek wil Asrooi toe. Paar ek ‘n Mealy wyfie met hom, kry ek Blou en Silwer wyfies en Mealy mannetjies wat MOONTLIK split. En daai werk nie vir my nie.

Meimaand 2019, kry ek toe by Jannie Swanepoel ‘n Geel wyfie. Ek paar haar toe met ‘n Mealy dilute mannetjie en teel 2 Mealy en 2 Rooi check mannetjies. Waar is die dilutes? Ek paar haar daarna met die Bluebar mannetjie wat ook split vir “dilute”. Hier word my geduld regtig beproef. Ek teel nog 14 kuikens. Nie een “dilute” nie. Hoe is dit moontlik? Die mannetjie “split“ definitief, want die vorige jaar het ek twee Silwer wyfies uit hom gebroei by



‘n gewone Bluebar wyfie. Ek het nog nooit ‘n wyfie gehad wat soveel kuikens broei agtermekaar nie. Die 2 kuikens is nog skaars gering, dan lê sy weer. En alles bevrug. Ek gebruik pleegouers en skuif elke 2de stel eiers vliegduiwe toe. Die 30ste November is daar weer twee kleintjies uit.Albei min dons. Wraggies albei Geel checks en gevolglik albei mannetjies. Ek was in die wolke. Hulle tipe is ook nie so swak nie. Daarna nog so tussen deur 3 Creambars en 2 silwer check wyfies gebroei. Hi-

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

erdie wyfie broei onophoudelik. Toe ek haar wegvat van die mannetjie, paar sy met 'n ander wyfie op en lê net nog steeds eiers.



*Silver bar baba*

Nou ja 2020 was vir my 'n jaar om na uit te sien. Ek het nou 5 "dilute" mannetjies wat net by Mealy wyfies moet kom en die Creambars gaan uitpop



soos sprinkane. Moenie glo nie.Die 3 Creambar mannetjies se gehalte is swak. Smal, lank en vêr van 'n Gros af. Die 2 Geel checks is darem beter. Die 1ste kuiken uit was 'n Creambar wyfie. Die oggend wat ek haar wil ring, lê sy dood in die nes. Daarna broei ek met een van die Geel checks 'n Geel check wyfie.

Tussen al die pare, het ek tot dusvêr 6 Silwerwyfies gebroei en 'n Silwer check. Onthou. Al die mannetjies dra Blou omdat hulle pa mosblou was. Vandaar die Silwers. Met hierdie brief se tik, sit daar nou 1 Creambar wat so mooi geveer is, maar nog in die nes is. So my visie om 'n Creambar Gros genepoel tot stand te bring, het baie terugslae gehad. Dis stampe en stote.Bid en smeek. Maar dis nie vir sissies nie. So meneer, mevrou, moenie by 'n hok kom en dink om sommer net duiwe te wil uitsoek nie. Dis nie maklik nie. Miskien is ander telers ge-



lukkiger. Ek nie. Ek is nog nie heeltemal tevrede nie. Hierdie huidige generasie is mooi kort, bene nie sleg nie. Maar ek kort grootte. My ou Mealy wyfies raak lank in die tand en lê nie meer so fluks nie.

Nou wil ek die vraag vra. As jy so 'n Creambar se waarde in geldwaarde moet omsit. Wat sal dit wees? Net een antwoord.

PRICELESS.

Ns. Ek het begin met Lemon, Opal en Qaulmond. So hou die spasie dop.



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



### *SAFPA:*

***DS~PS Feather Love***

Fancy pigeons are on show under the banner of the South African Fancy Pigeon Association (SAFPA)

SAFPA's motto is "For the Love and Care of Fancy Pigeons." SAFPA was founded in 1943.

## Objective:

To cultivate a love for Fancy Pigeons with a view to improving the quality and standard through mutual help and advice from members.

## Structure:

The Fancy Pigeon sport (show and display of fancy pigeons) in South Africa is governed by a national body, the South African Fancy Pigeon Association which consists of an Executive Committee and members. The Association is divided into eleven regions with their own Regional Managements with SAFPA's Executive Management, organized and coordination of Pigeon Sport in South Africa.

Adult and Junior Fancy Pigeon lovers may join the SAFPA and may compete in all regions of Fancy Pigeon shows and the South African Fancy Pigeon Championship Show that is held annually in one of the eleven regions.

**The Executive Committee consists of:**

National President.
National Vice President.
National Secretary.
National Treasurer.
National Ringmaster.
National Editor.
National Judges Officer.
National Youth Forum Representative.
National Webmaster.

Regional managements should also exist of most of the above, but does have a mandate from the Executive Committe to combine certain positions depending on the number of members in the region.

More information about SAFPA may be obtained from http://www sasv - safpa

There is also a Fancy Pigeon Association called the "National Fancy Pigeon Association" (NFPA), which currently only operates in the Western Cape.

Important to remember is that we operate under the South African Fancy Pigeon Association.

## General:

There are about 200+ Fancy Pigeon breeds in South Africa and many more (about 1000+) in the world that has not been seen in South Africa.

There is a continuously breeding of new varieties




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**



**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

Julie 2019



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

over the world and is registered in those coutries. In South Africa members bred our own varieties, namely the African Toy, Magnum, SA Distance Roller and the SA Botternek Tumbler.

The Racing Pigeon, Birmingham Roller and the SA Distance Roller are also considered Fancy Pigeons that can be on show although they actually are bred as working pigeons in flight.

The standards of the different Fancy Pigeon breeds are maintained and promoted by several Specialty Clubs, which is affiliated to the SAFPA and directly responsible to the executive committee and operates under the jurisdiction of the SAFPA. Different varieties fancy pigeons are divided into the Specialty Clubs.

## Different Fancy Pigeon breeds and Speciality clubs:

**1. SA Blower Club:** Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter

**2. SA Fantail Club:** Fantails.

**3 SA Wattle Club:** Dragoon, Carrier, Indianer and Barb.

**4. SA Homer Club:** All "Homer" breeds except the American Show Racer.

**5. SA Colour Pigeon Club:** Archangel, Gimpel, Polish Lynx and Strasser.

**6. African Toy and Trumpeter Club:** African Toy and all Muffed Trumpeter breeds.

**7. SA Rare Breed Club:** Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad

**8. SA Tumbler Club:** English Long and Short Face Tumbler, Helmet, Vienna Long and Short Face Tumblers, SA Botternek Tumbler, Portuguese Tumbler, Krasnodarer Tumbler.

**9. Birmingham Roller Exhibitors Club:** Birmingham Roller, SA Show Roller and SA Distance Roller.

**10. SA Heavy Breed Club:** Gross Mondain, Runt, King, American Giant Runt. Also called commercial varieties can be marketed as slaughter pigeons.

**11. National Modena Club of SA:** Gazzi and Schietti Modena.

**12. SA Parlor Tumbler Club:** Parlor Tumblers.

**13. SA Frill Pigeon Club:** Satinette, Blondinette, African Owl and Italian Owl.

14. **SA Chinese Owl Club:** Chinese Owls.

**15. SA Mookee Club:** Mookees.




**South African Blower Club**
**Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We promote the following Blower Breeds**
**Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**



**Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919**
**Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229**

Julie 2020



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



*Egg Binding*

***by Carol Heesen***

***Submitted by Danie Strydom***

## Egg Binding

As we move through the breeding season, there is increased discussion of the problem of egg binding. What is egg binding? Egg binding is the inability of a hen to pass a developed or partially developed egg. A partially developed egg can have either a soft shell or no shell. Many cases of egg binding occur when a hen is trying to pass what appears to be a “normal” egg. The inability to pass the egg quickly results in the death of the hen.

There are a multitude of theories as to what causes egg binding. Many consider cool temperatures to be the deciding factor. I find this a very questionable theory. Birds in the wild often breed early in the spring while temperatures are still very cool and yet do not suffer from egg binding. I personally have Goulds successfully breeding in my outdoor flights when temperatures are down in the low to mid 40s. Despite raising hundreds of birds in cool conditions, I have not had a hen experience egg binding.

Another common theory is that the hen is too young. In parrots and budgies, where the bird continues to grow in size for 2 or more years, this may often be the case. The poor hen has just not grown sufficiently to allow the easy passage of the developed egg. Finches and canaries, however, grow and mature very quickly. Most have reached full adult size by the time they reach 4 months of age. In the wild, Goulds have often been observed raising chicks before they have even molted into their adult colors. I have observed this same phenomenon in my own flights when I have been a bit slow in separating my maturing juveniles.

Let me be quick to point out that I am not advocating breeding very young birds. The offspring of early breeding are not of the same quality as later breedings. It is best, I believe, to allow our birds to become older before attempting breeding. My point is only that early breeding does not, in my experience, result in egg binding.

Another common theory is that egg binding is the result of lack of calcium in the diet. Most of us offer a variety of calcium sources to our birds (egg shell, cuttlebone, oyster shell) and yet hens still die from egg binding. I do believe nutrition is at the root of this problem. Most bird breeders are careful to offer a variety of calcium sources. Rather, I believe, the problem is the inability of the bird to metabolize the calcium that is readily available in the diet. The other major cause is poor condition of the mucus membranes in the vent area. Let’s look at each of these issues separately.

Calcium is used by the body to not only form the shell of the developing egg and maintain strong bones, but is also crucial in the proper functioning of the muscles. While it does take a large amount of calcium to form an egg shell, the hen also needs calcium for the muscle action needed to expel the egg.

Vitamin d3 is crucial in the absorption of calcium. Without it, all that good calcium we offer our birds passes right through the body without being absorbed. In outdoor flights, our birds are able to produce d3 via a chemical reaction to sunlight. In indoor flights, they are unable to do this. Sunlight through a window is not sufficient. The ultraviolet light needed does not pass through window glass. Full spectrum lights can help but some studies have shown that the ultraviolet is only at sufficient levels at less than one foot from the light source. For inside birds, a d3 supplement is almost always helpful.

An excess of phosphorous, can also interfere with the absorption of calcium. According to Robert Black, plant materials (like all those wonderful seeds we feed our birds, contain an abundance of phosphorous. Animal products like egg foods, insect foods and mealworm, contain an abundance of calcium. By serving both plant and animal products to our birds, we are able to keep the calcium/phosphorous ratio in balance.

Some of those yummy greens we offer can also interfere with calcium absorption. Oxalic acid found

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

in spinach, beet greens, chard and rhubarb reacts with the calcium so that it can not be absorbed. While these greens are rich in a number of nutrients, it is important to feed them in small amounts and provide extra calcium when doing so.

In order to pass a developed egg, the mucus membranes around the vent must be soft and flexible. It is the fat based vitamins that are primarily responsible for this condition, most notably linoleic acid (Vitamin F) and Vitamin A. Without these essential nutrients, the oviduct becomes dry and hard. Most avian vitamins do not include the fat based vitamins, so it is important to supply a separate source for these vital nutrients. These essential fatty vitamins can be found in many of the oily seeds such as safflower seed, sunflower seed, and niger seed. I have found niger seed the easiest for finches to accept. If you do have a finch suffering from egg binding there are some things you can do.

First and foremost, a warm, quiet environment will allow the bird to focus it’s reserves on passing the egg rather than keeping warm. An immediate increase in calcium will do nothing to harden the shell of an already formed egg but will do wonders in improving the muscle action needed to expel the egg. Calcivet by Vetafarm, provides not only the calcium, but also the d3 needed to absorb the calcium. It can be served in the drinking water or sprouted seed if the bird is still eating and drinking.

If the bird has stopped eating and drinking, it can be administered directly into the crop. Massaging a small amount of vegetable oil around the vent will help soften the mucus membranes around the vent and help the hen pass the egg. Once the egg has passed, the bird will appear to have made a complete recovery. It is now time to assess the nutritional problems that caused this problem in the first place. It is dangerous to attempt to breed this hen again until the nutritional deficiencies have been addressed.

***Baie mooi en interressante geskiedenis oor duiwe en posseëls ingestuur deur Rob Lombaard***




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229






Corrie Oosthuizen
Breeder of True Performing
Birmingham Rollers

Contact Details:
9 Moorhen road, Herlikonpark Randfontein
Cell: 076 889 4199
e-mail: corrie.g2018@gmail.com





Doar Ivri Southern Africa
INTERNATIONAL PHILATELIC EXHIBITION
תערוכת בולים בין-לאומית
INTERNASIONALE FILATELISTIESE TENTOONSTELLING
Doar Ivri Suider-Afrika
KAAPSTAD CAPE TOWN קייפטאון

DISA 79

DUIWEPOS PIGEON POST דואר יונה

PIGEONGRAM W № 383
CARRIED ON 30th MARCH 1979
TO: DR. A.C. LEVENSTEIN
163 KOEBERG ROAD
BROOKLYN
CAPE
GREETINGS FROM DISA 79, CAPE TOWN

W
№ 383

. . . he sent forth a dove from him
Gen. 8:8

. . . laat hy 'n duif van hom af wegvlieg
Gen. 8:8

וישלח את-היונה מאתו
בראשית ח ח

CAPE P. & L. W. E5828

**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**

Februarie 2020



**Gerhard van Aswegen**

**Teel met Norwich Cropper, Brunner, Working Homer, Oriental Roller, Holle Cropper, American Showracer, Chinese Owl, en Stargard Shaker,**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**E-mail: gjtlofts7@gmail.com**
Januarie 2021



## *Mag ek bewaar word van:*

***die wysheid wat niks meer kan leer nie, die wysbegeerte wat nie ruimte laat vir humor nie en die vernaamheid wat nie na 'n kind kan luister nie.***



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

# PIGEONGRAMS

In 1937, on king George VI's coronation day, pigeongrams were flown from Worcester to the Strand by the Hottentots Holland Homing Union. A charge of 4/6 each was made in aid of the local hospital fund.


Hottentots Holland's
FIRST
PIGEONGRAM.

"Greetings of Goodwill"
from THE STRAND,
C. P. South Africa.

Carried by Homing Pigeon
from Worcester C.P. on
CORONATION DAY
(King George VI) 12/5/37,
in aid of the
Hottentots Holland
Hospital Fund.

Sgd. ..........
H. H. H. Union.

Coronation Day Pigeongram



Wrapper, with remnant of rubber band, used to hold pigeongram to bird's leg.




F.D.C. used for final delivery of flown pigeongram and wrapper by normal post.



## *DIE BOTTERNEK STORIE: MY BELEWENIS*

***Deur Louis van der Walt***

Die ontstaan en ontwikkeling van die hedendaagse SA BotternekTuimelaar, soos die ras bekend staan en geregistreer is, is wel gedokumenteerd en behoef nie 'n volledige herhaling daarvan. Vir die nuwer lede en veral dié wat tans met ons pragtige inheemse ras teel, kan net kortliks genoem word dat my Pa, oom Jan van der Walt, in die laat veertiger jare 'n prentjie in sygeestesoog gesien het van 'n duif wat hy graag in sy hok wou hê. Met die saamgooi van 'n aantal rasse en ook ander duiwemanne se insette het die Botternek oor 'n periode van tyd, sy beslag gekry.

Ek het die lewenslig in 1949 gesien en saam pa Jan van kleintyd duiwe geboer. Ek het met die Botternekke grootgeraak. Pa Jan het, soos meeste van die destydse duiweboere, weinig van duiwegenetika geweet en grootliks op 'n inherente duiweinstink en jarelange ondervinding geteel. Tog het pa Jan geweet; kennis is mag, en Levi se "The Pigeon" in 1966 vanaf die VSA bestel. Ons beide het die dikke boek bykans stukkend gelees. "The Pigeon" was op daardie tydstip die duiwebybel en kan vandag nog met groot vrug gebruik word. Ek het toevallig op die genetika afdeling afgekom en gou die belang daarvan besef, maar dit was duidelik dat dit 'n ingewikkelde en gespesialiseerde veld is. En vir 'n mannetjie wat besig was om met matriek te worstel, was daar nie nog tyd om dít ook op te swot nie. Ek het wel 'n paar basiese dinge geleer waarsonder mens nie kan nie. Tot my groot spyt het ek nooit werk daarvan gemaak nie en het vandag groot respek vir die manne wat met gesag oor duiwegenetika kanpraat. Ek het van die min wat ek weet,maar veral die voorkoms van kleurdominansie en ook "sex linkage " by pa Jan probeer tuisbring. Maar die oumense van daai tyd kon jy voor vrae vra, maar jy het hulle niks vertel nie. Dus my goedbedoelde pogings tot innovasie is begroet met "Ek boer al duiwe vir 30 jaar en nou wil jy my kom leer?" Tog is dit steeds verbysterend hoe ons duiweboere van doerie tyd uit blote instink, jarelange evaring en aanvoeling, voortdurend die regte besluite kon neem.

Dit was so in die laat tagtigs toe ek Pa gaan help hokke skoonmaak en duiwe sorteer het, dat ekbesef het dat die Botternekke nou wasdom bereik het.Hoewel die kleurpatroon van 'n geel nek en bors met wit kop en veerpote gevestig was, moesdit nog meer eenvormig wees, veral die hang vlerke en breë stert. 'n Ordening en standardisering van wat ons had, was nodig. En daai heel naweek het ons duiwe sorteer, tot laatnag die Botternek, soos ons hom graag sou wou sien, bepraat en daardie visie gevestig. Ek was indertyd in Krugersdorp woonagtig met my eie stoet en Pa in Pretoria met syne. Ons kon dus gereeld duiwe uitruil en ook proefnemings doen en het so vinnige doelgerigte vordering gemaak.

Ek wil ook noem dat vanaf die middel sewentigs, pa en seun onder die vaandel van J en L van der Walt Boerdery in vennootskap was en hier terplaatse die Engelse Kortgesig konings was. Dit was ná die era van Corrie van Reenen by wie ek aanvanklik van sy ingevoerde "Shorties" gekry het. Die van der Walt Vennote het Kortgesigte by vier geleenthede vanaf Engeland [dankie oom Stewart Paterson] en die VSA [Warren Maurer] ingevoer en mettertyd na ander telers landwyd versprei. Clive Druce was vir jare die mees gevestigde teler. Colin Wrench asook die Neethlings en nog 'n kêrel van Oudshoorn wie se naam my nou ontgaan, het ook desjare goed met die ras gevaar. Die destydse Botternek was as voerders vir die Kortgesigte gebruik en het dus nie toentertyd baie aandag gekry of


**MODENESERKLUB VAN S.A.**

**President: Jan Lombard - 083 274 1014**

**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**



**DIE PERFEKTE RAS:**

**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas**

**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves? The perfect bird!**

Julie 2020



**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

status gehad nie. Dit was eers as die Kortgesigte pare vir die verveertyd opgebreek was dat 'n vinnige paar rondtes met die Botternekke geteel is.

Maar dinge het nou verander en was die Botternekke hoog op die agenda en aksie nodig. Willie van Zyl saam sy seun Benard wat destyds nog n opgeskote laaitie was, het toe reeds lankal by pa Jan Botternekke gekry en was in daardie tyd saam met onder andere Piet Brouwer al gerekende Botternek telers. Soos ons nou en dan bymekaar gekom het, het die saadjie van 'n eie standaard vir die Botternek en die registreer daarvan as 'n inheemse duiweras in eie reg, in vrugbare grond geval. Nou vir die saamstel van die standaard, en dit het nogal 'n gestoei afgegee, nie soseer oor die voorkoms, kleur of tipe van die duif nie, daaroor was ons heel eens. Die koppe stamp het meer gegaan oor die naam nogal. 'n Duif met 'n geel/bruin bors met donker vlekke was onder die Roller boere bekend as 'n Tortoiseshell en synde so 'n kleur Roller inte graal deel was van die Botternek se samestelling, het ek as kind die Botternek-in-wording as 'n Tortoiseshell Tumbler leer ken; hoewel ander manne in die Moot omgewing wel van botternek gepraat het.

Ekwas nog maar altyd half skepties oor die naam van botternek en het gereken dat dit nie regtig beskrywend was nie van die werklike kleur van die bors/nek van die duif nie. Vir my het die grondkleur meer geneig na 'n goue/koper/brons amper amandel kleur om die nek en hals, as 'n dowwe botter geel. Kopernek in plaas van Botternek, sou mi. dalk meer beskrywend van die ras en hoof komponent van die duif, naamlik die bors/nek, wees. Die naam van Botternek was egter ook bekend in die omgang en dalk meer gevestig so daardie rondte het ek op demokratiese wyse met punte verloor en soos hulle sê, die res is geskiedenis. Maar terug na die hede. Weens 'n verskeidenheid van redes en moeilik soos dit was, het duiweboer vir my op die agtergrond geraak. Deur die jare egter het veral die Van Zyls en ook FrikSchoeman die ras se voortbestaan verseker met teel en skou en daar was sekerlik ander manne ook maar genoemdes was aan die voorpunt. Toe ek dus in Julie 2017 verneem dat Frik se stoet in die mark is het ek vinnig gespring. Daar is prysgepraat en ons is Hennenman toe die duiwe te haal. Met die stoet pragtige duiwe nou veilig in my hokke was die opgewondenheid groot. En die planne baie… Vir my was daar nou geleentheid vir 'n nuwe begin en om met 'n nuwe en skerper oog na die Botternekke, die voortbestaan en ook verdere ontwikkeling van die mooie duif, tekyk. Maar meer hieroor in 'n volgende aflewering.


*Stoet Mannetjie uit die ou generasie SA Botternek Tumbler*


*Stoet Wyfie uit die ou generasie SA Botternek Tumbler*


# Birmingham Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## *Johan Botha*

***Ingestuur deur DS~PS Feather Love***

Johan is een van ons lede wat in 1981 aan gesluit het by SASV.

Ek is Johan Botha en het op 13 jarige ouderdom duiwe begin aan hou, ek het vliegduiwe en Lahore's gehad. Ek het nie aan 'n klub behoort nie en het ook nie kompetisies gevlieg nie, die duiwe was net 'n stokperdjie en om vir iets te kan sorg.



***Johan en Angela op hulle troudag***

In 1978 het ek vir my skou duiwe gekry en in 1981 het ek aan gesluit by die SASV. Ek het baie duiwe rasse gehad amper alle rasse wat in SA beskikbaar was, behalwe Fantails. Ek het die OP streek skoue baie goed ondersteun en het die een jaar 357 dui-



***Johan en Angela tydens 'n SA Kampioenskapskou***

we in geskryf vir die skou, ek het baie ander streke se streekskoue ook ondersteun en die SA Kamioenskapskoue het ek ook baie ondersteun. Ek het baie welslae behaal met my duiwe op skoue, maar daar was baie laagte punt ook. Alles was nie net altyd maanskyn en rose nie, twee van my laagte



***Johan en Angela in gelukkiger dae***

punt met my duiwe was toe daar 480 van my duiwe in 2019 en weer 657 van my duiwe in 2020 gesteel

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

is. Ek was baie negatief, maar het moed gehou en gedink aan al die vreugde wat die duiwe my verskaf en maar weer duiwe aan gekoop.

My gunsteling duiwe deur die jare was die Hollandse Kroppers wat ek by Jan Labuchagné en Pieter Neethling gekry het en dan die Lahores, waar van ek niks meer het na die diefstal nie. In 2020 na die dood van my vrou Angela, het ek met Fantails begin wat ek by Danie hulle gekoop het. Dit is die eerste keer wat ek Fantails in my hokke gehad het,



***Johan ontvang sy sertifikate van Chris de Bruin***

Pearl het my gewys hoe om die sterte te vleg en nou hou ek my in die aande en naweke besig met dit as die alleenheid my oorrompel.

Ek is al lank op die bestuur van die OP streek en met die 40 jaar wat ek nou al lid is, het ek baie vriende gemaak waarvan Wim van Rensburg my grootste vriend is, ons is amper soos boeties.

My raad aan nuwe en toekomstige lede is: hou duiwe aan vir die liefde vir die duiwe en moet nie dink jy gaan geld maak uit die duiwe nie. Ek is al 59 jaar in die duiwe en moet vandag nog werk om aan die lewe te bly, het nog nie geld gemaak uit die duiwe nie. So as jy dink jy gaan ryk raak met duiwe dink weer. Gaan eerder Casino toe, want jou kans is beter daar om geld te maak.

Ek sal die stokperdjie aanbeveel veral vir jong mense. Ons klubs het juniors nodig, want meer as die helfte van die klub is ou mense, nog jonk van gees, maar diep in die jare. Ons het julle nodig om ons stokperdjie voort te vat, dit sal julle ook uit die moeilikheid en strate hou. Vandag se dae is dit onveilig en gevaarlik in die strate. Dit sal julle groot genot verskaf en julle liefde vir duiwe en diere wakker maak en so sal julle ook beter met ander mense oor die weg kom en baie vriende maak wat julle passie deel.

Ek dink dat baie die handoek sou in gegooi het, met al die terugslae wat ek gehad het. Maar ek sal my nooit sonder duiwe kan insien nie, veral die vreugde met broei seisoen en die verrassings as die kleintjies begin kleur kry.
Duiwe groete

Friendly City
Port Elizabeth




**Chris de Bruin**
**Teel met Cauchois, American Giant Runt, Strasser, Swiss Mondain & Gros Mondain.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**






Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

# *Skou Datums 2021 / Show Dates 2021*

***Wes-Kaap Jongduifskou - 17 April 2021 - Malmesbury***
***Kontak persoon: Jannie van den Heever - Sel: 083 486 6781 - E-mail: signs@agrizone.co.za,***

***KwaZulu-Natal Streekskou - 24 April 2021 - Royal Showgrounds Pietermaritzburg***
***Kontak persoon: Cora Munnik - Sel: 076 313 2873 - E-mail{ cora.christo@gmail.com***

***Noord-Vrystaat Jongduif - 1 Mei 2021 - NG Kerksaal Odendaalsrus***
***Kontak persoon: Ds Hennie Hattingh - Sel: 082 923 3910 - E-mail: henniehattingh703@gmail.com***

***Noord-Kaap Streekskou - 1 Mei 2021 - Upington Skougronde***
***Kontak persoon: Elbé Visser - Sel: 073 307 8607 - E-mail: dhvisser@telkomsa.net***

***Oostelike Streek Streekskou - 8 Mei 2021 - Ilanga Mall Nelspruit***
***Kontak persoon: Dirk Scholtz - Sel: 082 452 4229 - E-mail: dirk@harmonie.co.za***

***Wes-Kaap Streekskou - 15 Mei 2021 - Malmesbury***
***Kontak persoon: Jannie van den Heever - Sel: 083 486 6781 - E-mail: signs@agrizone.co.za***

***Noord-van-die-Vaal Streekskou - 22 Mei 2021 - Lindast 49, Helderblom Krugersdorp***
***Kontak persoon: Stefan Brill: Sel: 071 160 4183 (n/u) - E-mail: admin@githomeimprovers.co.za***

***Oostelike Provinsie Streekskou - 22 Mei 2021 - Vliegduif Federasie saal - PE***
***Kontak persoon: Pearl Strydom - Sel: 072 947 8456 - E-mail: dspsfeatherlove@gmail.com***

***Vrystaat Streekskou - 29 Mei 2021 - Bloemskougronde - Bloemfontein***
***Kontak persoon: Elsabé van der Walt - Sel: 082 853 7522 - E-mail: plakker@wol.co.za***

***Wes-Transvaal Streekskou - 5 Junie 2021 - JB Marks - Potchefstroom***
***Kontak persoon: M Esterhuizen - Sel: 084 889 3538 - E-mail: marleen.esterhuizen@gmail.com***

***Suid-Westelike Distrik Streekskou - 12 Junie 2021***
***Kontak persoon: George Bell - Sel: 083 483 9969 - E-mail: bellgeorge@hotmail.com***

***Wes-Tvl "Squiker" Jongduifskou - 16 Oktober 2021 - JB Marks - Potchchevstroom***
***Kontak persoon: M Esterhuizen - Sel: 084 889 3538 - E-mail: marleen.esterhuizen@gmail.com***

***Nasionale Kampioenskappe / National Championships***

***Word aangebied deur: Noord-Vrystaat - Sal binnekort bevestig word***

*Hou die spasie dop*

**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R200 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R70 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

### Bank OFS Shield

| | | |
|---|---|---|
| 1. | KwaZulu-Natal: | 3159 |

### Manie Fourie Trophy

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Eastern Province: | 2000 |
| 2. | North-of-the-Vaal: | 1900 |
| 3. | Northern Cape: | 1195 |
| 4. | Eastern Region: | 1100 |
| 5. | Western Transvaal: | 833 |
| 6. | Freestate | 350 |
| 7. | Western Cape: | 300 |
| 8. | Northern Freestate: | 50 |
| 9. | SW Districts: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. Die streek met die meeste punte wen die BANKOVS skild en die tweede beste streek wen die Manie Fourie trofee./To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above. The best Region win the BankOFS Shield and the second best Region win the Manie Fourie trophy.**

### Bertie Wessels Trophy

**1. Nil**

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan slegs oor punt 9 van die reëls./The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9 of the rules**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873